

Bemestingsbeginsels by aangeplante weidings

Deur Izak Hofmeyr

Die doeltreffende bemesting van aangeplante weidings word goed verstaan en inligting is algemeen beskikbaar. Verder is tegnologie beskikbaar om wanbalanse in die grond akkuraat te bepaal.

Tog, sê Graham Peddie van Kynoch Kunsmiss op Dundee in KwaZulu-Natal, kan produsente huidige kennis en die nuutste tegnologie gebruik om bemesting meer doeltreffend te maak. Deur hiervan gebruik te maak, kan produsente moontlike bemestingsfoute uitskakel en sodoende winsgewendheid verhoog.

In hierdie artikel gee hy 'n paar wenke om die bemesting van weidings te verbeter.

Wenk 1

Produsente op die Hoëveld wat hoofsaaklik oulandsgras en Smutsvinger as hooilande gebruik, is redelik getrou met stikstofbemesting, maar misreken hulle dikwels met die kaliumbehoefte van hierdie weidings.

"Geleidelik daal die kaliumvlakke in die grond drasties, en dit het 'n groot negatiewe uitwerking op die voedingswaarde van die weiding en hooi wat daarop gemaak word. Die manier om hierdie negatiewe uitwerking te voorkom, is deur 'n grondmonster aan die begin van

die groeiseisoen te neem en kalium op grond daarvan toe te dien."

Graham sê die neem van grondmonsters om die bemestingstatus van grond te bepaal, is 'n basiese hulpmiddel wat só maklik is en tog 'n reuse uitwerking op die gehalte van weiding het. Ongelukkig vergeet baie produsente van hierdie maklike manier om hul weidings se gehalte te verbeter.

"Met die grondmonster weet 'n mens watter kaliumaanpassings om in die grond te doen, en jy doen hierdie aanpassings reg aan die begin van die groeiseisoen. Met toediening van die regte hoeveelheid op die regte tyd, kan die doeltreffendheid van die weiding se produksievermoë verbeter word."

Weiding teenoor hooimaak

Een van die groot verskille tussen aangeplante weidings wat bewei word en dié wat vir hooi gesny word, is dat tot 85% van die kalium deur die weidende diere op die weidings teruggeplaas word deur mis en uriene. Met hooimaak word ongeveer dieselfde hoeveelheid kalium en stikstof



Produsente op die Hoëveld wat hoofsaaklik oulandsgras en Smutsvinger as hooilande gebruik, is redelik getrou met stikstofbemesting, maar misreken hulle dikwels met die kaliumbehoefte van hierdie weidings.

uit die grond verwyder. Dit moet dus weer in die grond teruggeplaas word.

"Op beweiende lande sirkuleer die kalium deur die vee weer terug na die grond, en hoewel dit kol-kol toegedien word, is die aanvullingsbehoefte in die vorm van kunsmis heelwat minder," verduidelik hy.

Wenk 2

Die tweede wenk, sê Graham, is 'n ou aanbeveling wat skynbaar mettertyd verlore geraak het – 'n fosfaat-kopbemesting aan

By besproeiende weidings, veral op melkplase, het melkprodusente al tot so 'n mate gespesialiseer om die beste moontlike produksie uit beskikbare weidings te kry dat hulle sonder twyfel die leiers op dié gebied geword het.

die begin van die groeiseisoen om wortel-ontwikkeling te stimuleer.

"Hierdie is 'n relatief klein toediening van 20kg fosfaat per hektaar, maar die uitwerking daarvan op produksie is dramaties. Dien dit reg aan die begin van die seisoen toe, net wanneer die weiding begin groei. Daarna volg die ander toedienings wat gedoen moet word, naamlik kalium en stikstof."

Hierdie benadering beklemtoon dat die toediening van bemesting groeistadium-spesifiek is. Dit beteken dat sekere voedingstowwe belangriker is as ander in spesifieke groeistadiums.

Wenk 3

Ironies genoeg het swaelvoorsiening aan die grond oor die laaste 15 tot 20 jaar afgeneem soos wat suurreën op die Hoëveld beperk is. Graham sê dis wonderlik dat anti-besoedelingsmaatreëls suksesvol is, maar die uitwerking daarvan is dat swael nou weer in ag geneem moet word in 'n bemestingsprogram, in hoeveelhede van tussen 30 en 40kg per hektaar, afhangende van die tipe weiding. Swael is nie net belangrik vir 'n hoër opbrengs waar tekorte bestaan nie, maar is ook baie belangrik in die vorming van proteïen.

"Daar is verskillende maniere om swael toe te dien, maar dit is baie

belangrik dat dit wel gedoen sal word. Daar is wel kunsmismengsels wat spesifiek vir weidings ontwikkel is. Deur hierdie mengsels te gebruik, kan die produsent met een toediening in 'n groot gedeelte van die weidingsgewas se behoeftes voorsien."

Wenk 4

Graham sê daar word nie genoeg aandag aan die mikrovoedingstowwe in die grond gegee nie en die uitwerking daarvan as dit afgeskeep word, kan die produsent duur te staan kom.

"Gewasse soos oulandsgras en Smutsvinger se groei word oënskynlik nie benadeel deur tekorte aan hierdie mikro-elemente nie, maar die uitwerking op die voedingswaarde kan baie negatief wees."

Omdat hierdie tekorte nie opsigtelik is nie, is produsente geneig om dit te ignoreer en nie die ekstra uitgawe aan te gaan om dit reg te stel nie. Die uitwerking op die gehalte van die weiding kan egter veroorsaak dat 'n mens elders inboet en die prys op 'n ander plek betaal as die diere nie volgens verwagting presteer nie.

"Dis baie maklik om 'n blaarbespuiting aan die begin van die seisoen te maak as die graspol so 30 tot 40cm hoog staan."

Graham sê ongelukkig is baie min navorsing oor die uitwerking van mikro-elemente op weiding gedoen, wat beteken dat dit moeilik is om die

uitwerking van 'n gebrek aan mikro-elemente vas te stel, maar dit is logies dat daar wel 'n impak sal wees. Juis omdat 'n mens nie presies weet waar hierdie impak na vore sal kom nie, is dit 'n goeie idee om eerder veilig te wees en seker te maak dat tekorte nie op weidings voorkom nie.

Die prys van so 'n regstelling is, relatief tot die prys van die weidings, werklik baie klein. 'n Goeie toediening van blaarvoeding sal sowat R180 per hektaar kos. As dit met die koste van die vestiging en instandhouding van die weiding vergelyk word, maak dit nie sin om daarop te probeer bespaar nie.

Besproeide weidings

Die basiese bemestingsbeginsels vir droëlandweidings geld ook vir besproeide weidings. By besproeide weidings, veral op melkplase, het melkprodusente al tot so 'n mate gespesialiseer om die beste moontlike produksie uit beskikbare weidings te kry dat hulle sonder twyfel die leiers op dié gebied geword het.

"Raaigrasweiding kos sowat R16 000 per hektaar, maar as dit reg bestuur word, sal die nuwe kultivars tot 18 ton droëmateriaal van 'n hoër gehalte lewer.

"As die produsent nie noukeurige aandag gee aan bemestingspeile nie, daal die totale verteerbare voedingstowwe (TVV's) asook opbrengs – 'n dubbele verlies. Dit beteken dat ekstra byvoeding gegee moet word om daar die verlore voedingstowwe op te maak."

Dis relatief maklik, sê Graham, om 'n oulandsbaal te maak met 12% proteïeninhoud. "Dis egter onrusbarend hoeveel produsente dink dis wat hulle doen, maar dan is die werklikheid heel anders. Ek het al ontledings gesien waar sulke bale maar sowat 4% proteïen bevat, terwyl die produsent onder die indruk was dat dit veel hoër was.

"Die korrekte bemesting van aangeplante weidings is eenvoudig. Die inligting is beskikbaar en grondontledings gee riglyne. Om dit nie te volg nie, is om jouself doelbewus in die voet te skiet," sê hy.



Die groei op gewasse soos oulandsgras en Smutsvinger word oënskynlik nie benadeel deur tekorte aan mikro-elemente nie, maar die uitwerking op die voedingswaarde kan baie negatief wees.

Vir meer inligting, skakel Graham Peddie by 083 691 6630 of stuur 'n epos aan graham.peddie@kynoch.co.za. 